Publication: Burger (Suid Kaap), Kuns en Vermaak
Date: Wednesday, July 07, 2021
Page: 8

Maatsoek-reeks met honde

Daar is deesdae op al wat 'n TV-kanaal en stromingsdiens is 'n handvol maatsoek-reekse wat hard probeer om die liefde tussen wildvreemdelinge te laat blom.

Netflix het sy hand vir die soveelste keer weer aan só 'n reeks gewaag, maar hulle bied dit dié keer met 'n kinkel aan wat veral hondeliefhebbers se harte warm sal laat klop – en hulle waarskynlik sal noop om 'n hele boks snesies byderhand te hou.

A Dog for Life, wat in Kaapstad verfilm is, fokus op individue en gesinne wat graag 'n hond wil aanneem. Sue White, die reeks se skepper en aanbieder, voer onderhoude met dié belangstellendes om vas te stel wat hulle in 'n hondekind soek, voordat sy haar dan na organisasies soos Fallen Angels, die Dieresorgvereniging van Suid-Afrika, Honey's Garden, DARG, die Woof Project en die Dierebeskermingsvereniging wend om die perfekte viervoetige "pasmaat" vir hulle te vind.

Sodra White 'n kandidaat geïdentifiseer het, kry elke hond 'n klein "oormaaksessie" voordat hulle hul moontlik toekomstige mense-gesin op 'n afspraak ontmoet. As dinge goed gaan, gaan die woefies saam met hul nuwe gesin huis toe.

"*A Dog for Life* is 'n program oor die buitengewone dog voelbare band tussen mense en honde in skuilings," sê Samantha Gray, wat die reeks vervaardig en deels geregisseer het, in 'n mediaverklaring.

Sy sê die reeks gaan nie net oor mense wat honde red nie, maar ook honde wat mense red.

"Ons kan met absolute sekerheid sê dat honde die grootste redders van almal is. Ons kan hulle nie 'gered' noem nie – ons, die mense, is dié wat gered word. Die aarde sou 'n mislike plek sonder honde gewees het, en as jy dit nog nie geweet het nie, sal jy nadat jy *A Dog for Life* gekyk het."

***A Dog for Life* stel honde in skuilings voor aan gesinne wat hulle moontlik wil aanneem.** Foto: NETFLIX

Die reeks is deur Hill's Pet Nutrition moontlik gemaak. Dit bestaan uit 13 episodes en is sedert 15 Junie in Suid-Afrika op Netflix beskikbaar.

Besoek **adogforlife.co.za** vir meer inligting.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.